# Die waarde van *modus operandi*-inligting by die ondersoek van sekere misdade

**C.W. Marais,** M.A. (Polisiekunde) Unisa
Departement Kriminologie
Universiteit van Suid-Afrika

**Summary**

Crime investigation implies that it is the duty and responsibility of the investigator to identify the alleged transgressor and to prove his involvement in the unlawful act beyond all reasonable doubt. In order to be successful the investigator is compelled to exploit the available direct and indirect sources of information to their maximum. One indirect source of information available to the investigator is the transgressor's modus operandi. The scientific studying and classification of the methods used by the criminal, as well as his personal description, secret language and various disguises render valuable information, not only in the identification of the transgressor, but also in minimising the number of suspects in the investigation process.

## Inleiding

Positiewe of suksesvolle misdaadondersoek wentel om die opklaring van die plegingsituasie, en kom daarop neer dat die dader opgespoor moet word en dat afdoende inligting ingesamel moet word om sy skuld in 'n geregshof te bewys. Bewys- of feite-insameling is hiervolgens 'n wesenskenmerk van misdaadondersoek en kan òf subjektief, dit wil sê mondelingse getuienis, òf objektief, dit wil sê fisiese leidrade, wees. In die ondersoekproses is inligting dus hoofsaaklik van twee bronne afkomstig, naamlik mense en voorwerpe.

Sommige misdade is van so 'n aard dat feitlik geen fisiese leidrade op die misdaadtoneel agtergelaat word nie. Gewapende roof is 'n tipe misdaad wat onder hierdie kategorie ressorteer. In sulke gevalle is die misdaadondersoeker tot 'n groot mate op die getuienis en beskrywings van ooggetuies aangewese. Die klassifikasie van misdadigers volgens hul *modus operandi* is een daderidentifikasietegniek wat in hierdie verband van groot waarde kan wees.

## Betekenis en basis van die *modus operandi*-stelsel

*Modus operandi* is 'n Latynse term wat handelswyse, manier van optrede, of operasionele werkwyse beteken (Horgan 1979: 57). Van Heerden *et al.* (1987: 40) beskou *modus operandi* as die profiel van die misdadiger — 'n profiel wat nie alleen die operasionele metodes en tegnieke insluit nie, maar wat ook hul skelmstreke, vermommingstegnieke, geheime taal, skrif en tekens insluit. Hierdie konstante, geroetineerde patroon van optrede, geïndividualiseerde tegnieke, en die mag van die gewoonte, gekoppel aan die sukses of mislukking wat die misdadiger behaal, maak volgens Horgan (1979: 58) die basis van die *modus operandi*-stelsel uit.

## Inhoud van die *modus operandi*-stelsel

Volgens Rengert en Wasilchick (1985: 77) is dit belangrik om in gedagte te hou dat die *modus operandi* van die misdadiger uit 'n enkele handeling of 'n kombinasie van handelinge vasgestel kan word. Om dit moontlik te maak, behoort *modus operandi*-verslae en -stelsels inligting oor die volgende handelingskenmerke te bevat:

### Handelingskenmerke in die beplanningsfase van misdaadpleging

Volgens Bozza (1978: 243–245) is voorafbeplanning uiters belangrike *modus operandi*-inligting, aangesien die misdaadondersoeker aan die hand daarvan kan bepaal of die dader 'n amateur of beroepsmisdadiger is. Aangesien beroepsmisdadigers 'n relatief klein persentasie van die totale misdadigerbevolking uitmaak, het *modus operandi*-inligting, wat op voorafbe-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

planning dui belangrike identifikasie- en opsporingswaarde, aangesien die aantal verdagtes beperk word tot 'n relatief klein groepie spesialiste, veral binne 'n bepaalde spesialiseringsgebied.

Ter illustrasie kan voertuigrowery as voorbeeld geneem word. Waar 'n pantservoertuig wat groot bedrae kontant vervoer, beroof word, dui dit onteenseglik op voorafbeplanning met betrekking tot, onder andere, die datums en tye waarop sulke geld vervoer word, die roete wat gevolg word, die moontlikheid van radiokommunikasie tussen die voertuig en 'n beheersentrum, gesofistikeerde apparaat om die pantservoertuig oop te maak, ensovoorts. Afgesien van die feit dat sulke optrede op beroepsmisdaad dui, kan dit verder 'n aanduiding wees dat daar waarskynlik meer as een misdadiger by die rooftog betrokke was (Marais 1988: 69).

Met verwysing na rooftogte op besighede, is Horgan (in Marais 1988: 68) van mening dat die professionele besigheidsrower se voorafbeplanning gepaard gaan met onder meer die volgende:

- Waarneming van die teikenbesigheid en die onmiddellike omgewing;
- Waarneming en bestudering van gereelde polisiepatrollies in die omgewing van die teikengebied;
- bepaling van die mees geskikte tyd vir so 'n rooftog;
- bepaling van 'n ontsnaproete;
- bepaling van plekke waar voertuie omgeruil gaan word en latere ontmoetingsplekke; en
- die diefstal van voertuie wat gebruik gaan word en die voorsiening van vals registrasieplate.

## Handelingskenmerke tydens die misdaadpleging

Handelingskenmerke tydens die pleging van die misdaad is van groot belang omdat alle misdade nie noodwendig vooraf beplan word nie. Misdaadondersoekers moet dus veral tydens die notulering en deursoeking van die misdaadtoneel en die ondervraging van ooggetuies op soek wees na inligting wat moontlik tot die identifikasie en opsporing van die misdadigers kan lei. Volgens Majoor Atcherley, die grondlegger van die *modus operandi*-stelsel, is sekere kenmerke van belang by die notulering van *modus operandi*-inligting (Marais 1988: 71–78). Hierdie kenmerke kan veral 'n belangrike rol speel in die ondersoek van roofsake, en misdaadondersoekers moet die volgende toepaslike inligting maksimaal ontgin:

### • *Dag, datum en tyd waarop die misdaad gepleeg is*

Hier is dit belangrik om te onthou dat sommige misdadigers hul misdade net op spesifieke dae (byvoorbeeld Saterdae) en tussen spesifieke ure (byvoorbeeld 19:00 en 22:00) pleeg. Swanson *et al.* (1977: 235) beveel verder ook aan dat die ondersoeker die tydsfaktor met ander handelingskenmerke moet kombineer ten einde die aantal verdagtes te verminder.

### • *Die plek waar die misdaad gepleeg is en die tipe perseel of gebou betrokke*

Volledige besonderhede hieromtrent is belangrik. Die onderskeidende 'handelsmerk' van rowers om byvoorbeeld net spesifieke banke in die middestad of takkantore in afgeleë industriële gebiede te beroof, is belangrike klassifikasiekenmerke wat die identifikasieproses in misdaadondersoek kan bevorder.

### • *Slagoffertipe of persone wat aangeval word*

Misdadigers selekteer dikwels hul slagoffers op grond van hul voorkoms, ouderdom, geslag, ras, beroep, ensovoorts. By misdade teen die persoon, soos byvoorbeeld straatroof, word die slagoffer noukeurig dopgehou en speel die bogenoemde kriteria wel 'n beslissende rol in die keuse van 'n slagoffer. Eweneens is *modus operandi*-inligting, soos die rower wat slegs vroue in hysbakke, of bejaarde mans in parkeerareas beroof, van veel meer waarde as 'n vae en onvolledige persoonbeskrywing van die verdagte.

### • *Plegingsmetode en implemente gebruik*

Dit is uiters belangrik om die plegingsmetode en die apparaat/implemente waarmee die misdaad gepleeg is, te identifiseer en volledig te beskryf. Gewapende rowers gebruik altyd die een of ander soort wapen, soos byvoorbeeld pistole, rewolwers, haelgewere en selfs nagemaakte vuurwapens. Die gebruik van 'n afgesaagde haelgeweer of die AK47 outomatiese gewere wat in die onlangse Johannesburgse rooftogte gebruik is, kan 'n onderskeidende 'handelsmerk' van 'n bepaalde rower wees wat groot *modus operandi*-waarde kan inhou, veral as dit gekoppel word aan ander eiesoortige handelingskenmerke tydens die rooftog, soos byvoorbeeld die gebruik van 'n bepaalde vermomming.

### • *Motief van die misdadiger*

Die motief van die misdadiger is 'n belangrike *modus operandi*-element en kan dikwels bepaal word aan die hand van die tipe misdaad wat gepleeg is. Scarr *et al.* (1973: 66) is van mening dat die beroepsmisdadiger as gevolg van die uitdaging wat sy beroep stel, tot groter kundigheid gemotiveer kan word. Reppetto (1974: 21–22) beweer dat die behoefte aan geld die mees algemene motief vir inbrake is. Hy wys verder daarop dat inbrekers aangevoer het dat die uitdaging en opwinding, weerwraak, nuuskierigheid en 'n gevoel van groepsidentiteit hulle gemotiveer het om inbrake te pleeg. Scarr *et al.* (1973: 66) is van mening dat professionele inbrekers deur die uitdaging van suksesvolle inbrake gemotiveer word, net soos enige



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

ander lid van die gemeenskap deur sukses in sy beroep tot groter professionaliteit gemotiveer word. Dieselfde argument geld vir misdadigers wat rooftogte pleeg.

### • *Die aard van gesteelde eiendom*

In die algemeen kan die aard van die gesteelde eiendom volgens Swanson *et al.* (1977: 229) soms 'n aanduiding gee van die getal persone betrokke en of hulle die eiendom per voet of per voertuig van die misdaadtoneel verwyder het. 'n Groot, swaar brandkas kan beswaarlik deur een misdadiger te voet vanaf die misdaadtoneel verwyder word. By rooftogte is die gesteelde artikels gewoonlik kontant, tjeks en juweliersware wat op sigself sekere belangrike aanduidings kan gee van die tipe misdadiger. Afgesien hiervan kan die misdaadondersoeker gewoonlik bepaal hoe selektief die rowers hul buit uitgesoek het, wat weer 'n aanduiding is van die hoeveelheid tyd wat hulle tot hul beskikking gehad het, of hulle moontlik 'n interne inligtingsbron vooraf moes gehad het en hoeveel voorafbeplanning hulle gedoen het. Dit dui weer op die beroepstatus van die rowers.

### • *Idiosinkrasie van die misdadiger*

Idiosinkrasieë (eienaardige gewoontes) van misdadigers tydens die misdaadpleging moet geïdentifiseer en noukeurig beskryf word, aangesien dit 'n besondere handelingskenmerk verteenwoordig en groot individualiseringswaarde het. Hoe meer ongewoon en eienaardig die handelingskenmerk is, hoe meer waarde kan daaraan geheg word.

### • *Vervoermiddel by misdaadpleging gebruik*

Alhoewel motorvoertuie vry algemeen vir die doeleindes van misdaadpleging gesteel word, is dit ook moontlik dat 'n misdadiger telkens dieselfde fabrikaat en tipe voertuig vir sy besondere doeleindes steel. Op grond van die sukses wat 'n bankrower eenmaal behaal het deur 'n motorfiets in sy rooftog te gebruik, kan hy byvoorbeeld so wil voortgaan en elke keer 'n motorfiets steel om sy rooftogte uit te voer. Hierdie gebruik word later 'n vaste gewoonte en is deel van sy *modus operandi*.

### • *Spraakkenmerke*

Indien die misdadiger tydens die misdaadpleging gepraat het, moet sy woorde *verbatim* weergegee word, aangesien spraakkenmerke 'n belangrike kenmerk van die misdadiger se *modus operandi* is. 'n Vreemde woorduitspraak of vreemde dialek, die gebruik van eienaardige uitdrukkings, name wat die rowers mekaar genoem het, ensovoorts, bied besondere identifikasiemoontlikhede en kan by verkragtings en bankrowe die deurslag gee (Horgan 1979: 62).

### Handelingskenmerke na die misdaadpleging

Die handelingskenmerke van misdadigers na die misdaadpleging kan ook tot hul identifikasie lei en moet derhalwe as 'n belangrike bron van inligting beskou word. Horgan (1979: 243–244) maak melding van 'n bankrower wat 'n blommeruiker aan die bankkassiere in die hospitaal gestuur het nadat hy haar tydens die rooftog verwond het. Die gebruik van 'n gesteelde ontvlugtingsvoertuig en die oorlaai van die gesteelde buit in hul persoonlike voertuie op 'n latere stadium, is 'n verder handelingskenmerk na die misdaadpleging wat moontlik ondersoekwaarde kan inhou.

## Faktore wat die modus operandi van misdadigers beïnvloed en bepaal

Misdaadondersoekers moet daarop bedag wees dat die blote feit dat twee misdaadsituasies dieselfde *modus operandi* openbaar, nie noodwendig beteken en afdoende bewys is dat die twee misdade deur dieselfde misdadiger gepleeg is nie. Horgan (1979: 59) wys dan ook daarop dat die *modus operandi* van misdadigers slegs 'n hulpmiddel in die ondersoekproses is en dat daar talle faktore is wat die misdadiger in sy misdaadpleging beïnvloed en beperk. Hierdie faktore kan veranderings in die *modus operandi* van misdadigers veroorsaak of hulle selfs dwing om van hul gevestigde operasionele metodes af te wyk.

### Geleentheid tot misdaadpleging

Die samelewing bied talle geleenthede tot misdaadpleging. Dit beteken dat talle misdadigers met weinig of geen beplanning, en derhalwe geen vaste *modus operandi*, misdade kan pleeg.

### Fisieke hoedanigheid

Die fisieke hoedanigheid van 'n persoon bepaal in 'n groot mate sy operasionele metodes. Een voorbeeld is 'n inbreker wat klein van liggaamsbou is en slegs inbreek by persele waar hy toegang deur 'n klein ventilasievenster kan verkry.

### Wisselende behoeftes en begeertes

Wisselende behoefte en begeertes kan betekenisvolle veranderings in die *modus operandi* van misdadigers meebring. So kan 'n gerehabiliteerde dwelmslaaf nie meer 'n behoefte aan dwelmmiddels hê nie en hom voortaan op die verkryging van kontant deur middel van rooftogte toespits.

### Die situasie waarin hy hom bevind

Die situasie waarin 'n misdadiger hom bevind kan hom verplig om van sy gevestigde operasionele metodes af te wyk. Die aanwesigheid van 'n gesofistikeerde alarm voor 'n venster kan byvoorbeeld die inbreker



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

dwing om nie meer toegang deur die venster te verkry nie, maar om van die dakteëls te verwyder.

### Kennis en ervaring

Kennis en ervaring wat wettiglik opgedoen word, word in misdaadpleging toegepas. Die beroepsweiser wat werkloos raak en dan sy kennis en ervaring gebruik om brandkaste oop te sny is 'n sprekende voorbeeld.

### Die gebruikswaarde van modus operandi-data

Die *modus operandi* van misdadigers is waardeloos indien dit nie op 'n wetenskaplike wyse beskryf, bestudeer, geklassifiseer en op rekord geplaas word nie. Hedendaags is feitlik alle *modus operandi*-stelsels gerekenariseer. Die Suid-Afrikaanse Polisie is dan ook geen uitsondering op die reël nie. Dit is veral op hierdie gebied dat die Suid-Afrikaanse Polisie se afdeling belas met *modus operandi*-stelsels 'n waardevolle bydrae lewer.

Hoewel die *modus operandi*-afdeling geen rekord hou van sake wat suksesvol opgelos word na aanleiding van *modus operandi*-inligting wat deur hulle aan misdaadondersoekers verskaf word nie, het dit uit mondelingse gesprekke met lede van daardie afdeling duidelik geword dat hulle wel 'n groot rol speel in die suksesvolle ondersoek van misdaad. *Modus oprandi*-data word verder slegs gerekenariseer nadat 'n misdadiger weens 'n ernstige misdaad gearresteer is. Korrekte en noukeurige verslaggewing van die relevante inligting en verbandhoudende aspekte is derhalwe 'n noodsaaklike vereiste. Dit beklemtoon weer eens dat die misdaadondersoeker die sentrale figuur in die ondersoekproses is.

In die algemeen het *modus operandi*-data die volgende gebruikswaardes:

- Dit kan gebruik word as daderidentifikasietegniek;
- dit kan gebruik word as hulpmiddel by die voorkoming van misdade;
- dit is 'n hulpmiddel by die interrogasie van verdagte misdadigers; en
- dit is van waarde by die distribusie van ondersoekpersoneel en hulpbronne in plekke waar waarneming gedoen moet word.

Misdaadondersoekers moet hulle egter daarvan weerhou om uitsluitlik op *modus operandi*-inligting staat te maak, aangesien dit duidelik is dat daar talle faktore is wat die misdadiger kan motiveer of dwing om van sy vaste operasionele metodes af te wyk. Indien behoorlik aangewend, kan dit egter help om die aantal verdagtes in 'n bepaalde saak te verminder en sodoende rigting aan die ondersoekproses te gee. *Modus operandi*-inligting moet dus altyd in samehang met die ander inligting in 'n saak geïnterpreteer word ten einde 'n beter geheelbeeld van die plegingsituasie te verkry.

Ten spyte van die feit dat *modus operandi*-inligting nie as getuienis in die hof toelaatbaar is nie, het dit egter besliste individualiseringswaarde vir die misdaadondersoeker. Gespesialiseerde kennis van die *modus operandi* van misdadigers ten einde identifikasie en opsporing te bewerkstellig, word dan ook tereg deur Gilbert (1980: 13) bestempel as

> ... an essential tool of investigation this day.

### Samevatting

Inligting omtrent die *modus operandi* van misdadigers bied besondere moontlikhede vir die identifikasie en opsporing van misdadigers. Die ingesteldheid van die misdaadondersoeker, sy optrede op die misdaadtoneel en sy kennis van die *modus operandi*-stelsel sal bepaal watter mate van sukses hy in die ondersoek van misdaad sal behaal.

### BIBLIOGRAFIE


Bozza, C.M. 1978. *Criminal investigation*. Chicago: Nelson-Hall.

Gilbert, J.N. 1980. *Criminal investigation*. London: Merrill.

Horgan, J.J. 1979. *Criminal investigation*. New York: Mcgraw-Hill.

Marais, C.W. 1988. *Die krimineel-taktiese metodes by die insameling van inligting tydens die voor-arrestasiefase in misdaadondersoek*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Unisa.

O'Hara, C.E. 1976. *Fundamentals of criminal investigation*. 4th ed. Springfield: Thomas.

Rengert, G. & Wasilchick, J. 1985. *Suburban burglary. A time and place for everything*. Springfield: Thomas.

Reppetto, T.A. 1974. *Residential crime*. Cambridge: Ballinger.

Scarr, H.A., Prinsky, J.L. & Wyatt, D.S. 1973. *Patterns of burglary*. 2nd ed. McLean, Virginia: Human Sciences Research, Inc.

Swanson, C.R. (Jr.), Chamelin, N.C. & Territo, L. 1977. *Criminal investigation*. Santa Monica: Goodyear.

Van Heerden, T.J., Du Preez, G.T. & Marais, C.W. 1987. *Enigste studiegids vir POL202–N*. Pretoria: Unisa.




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)